**PREDIKANTE:**
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034
**JEUGMENTOR:**
Louis Aucamp
☎ 074 150 2022
**WEBBLAD:**
www.gkbenoni.co.za
**FACEBOOK:**
https://www.facebook.com/GKBenoni/

# Polsslag

Rom 12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

**ADMINKANTOOR:**
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

**KOÖRDINEERDER**
Ronel Ritchie
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za
**BERIGTE:**
polsslag@gkbenoni.co.za

11 Junie 2017

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.*

## VANDAG SE EREDIENSTE:

***OGGENDDIENS 09:00***

*ds. Louis Buys*

***Skriflesing**: Kolossense 2: 1-15*
***Teksvers:** Kolossense 2: 13 &14*
***Tema:** Jammer, ek aanvaar nie jou verskoning nie en kan jou nie vergewe nie!*

***LOF-EN AANBIDDINGSDIENS 17:00***

*dr. Braam Kruger*

***Skriflesing:** Genesis 1 –11 (seleksies)*

***Tema:** Perspektief, of dan : die groter prentjie*

***AANDDIENS 18:30***

*ds. Louis Buys*

***Skriflesing**: Matteus 18: 21-35*
***Teksvers:** Matteus 18: 27 & 28*
***Kategismus:** Sondag 51*
***Tema**: Wat maak ons met die volkome versoening van al ons sonde?*

## ORRELISTE VANDAG

| | |
|---|---|
| Oggenddiens: | Tarina van der Merwe |
| Aanddiens: | Tarina van der Merwe |

*HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.*

## KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

**VOORBIDDING:**

- Ons meegevoel gaan uit na Johan Hugo en sy familie met die afsterwe van sy suster. Die begrafnis was Vrydag in Reitz.
- Tannie Rita Kotze is in die Linmed hospitaal se waakeenheid opgeneem met hartversaking. Ons bid dat die Here haar genadig sal wees, asook Sy vertroostende Hand oor haar kinders, Juan Kotze en Lourette Barger sal hou.
- Tannie Rina de Jongh is in die Linmed hospitaal opgeneem vir toetse na sy Vrydag oggend bewusteloos gevind is.
- Oom Bertus Noppe gaan Maandag Linmed toe vir 'n operasie aan sy toon

**DANKBAARHEID:**

- Ons is saam net Jan en Arina Lubbe dankbaar dat dit beter gaan met hul dogter Arina. Daar is vasgestel wat die longinfeksie veroorsaak en sy kan nou behandel word. Sy sal ook chemoterapie moet ontvang vir die Lupus wat sy het. Ons bid dat die Here die behandeling sal seën.

**GELUKWENSINGS:**

- Hennie en Andrea van Niekerk het hul eersteling, Hanré, in die wêreld verwelkom. Baie geluk ook aan ouma, Christa Venter, en ouma-grootjie tant Baba Lötter. Mag hy vir julle baie vreugde bring.

**Het jy behoefte** dat iemand vir jou of saam met jou bid?
Jy kan jou gebedsversoeke stuur na 084 627 2393
Ons bid graag vir jou!

## DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

| DAG | | AKTIWITEIT | KONTAK PERSOON | LOKAAL |
|---|---|---|---|---|
| So. 11/06 | 08:00 - 09:00<br>09:00<br>Na oggenddiens<br>18:00 | Gebedsuur<br>Peueterklas (2-4jaar)<br>Katkisasie Gr 1- 7<br>Katkisasie Gr 8 - 11 | Donsie Krüger<br>Anneke Salomons<br>Adri van Tonder<br>Otto Coetzer | Moederskamer 2<br>Kerkhuis<br>Onderskei lokale<br>Onderskeie lokale |
| Ma. 12/06 | 09:30 | Bybelstudie Rynpark 5 | Adrie Goede | Rynpark 5 sitkamer |
| Di 13/06 | 09:00 | Koördineringsvergadering | | Konsistorie |
| Wo. 14/06 | 19:00 | DUST - Hoërskooljeug bybelstudie | Louis Aucamp | Jeuglokaal |
| Vr. 15/06 | 09:00 | Bybelstudie | Braam Krüger | Konsistorie |

**GEMEENTE-NUUS (Attestate):**

**Gemeenskap met die GKSA opgesê:**

Chris en Ria Venter & Marinda van der Merwe

**Vertrek met attestaat:**

Wessel Swanepoel na GK Kemptonpark-Noord

**Met attestaat ingekom:**

Louis Aucamp vanaf GK Cachet

## VERJAARSDAE

**11 - 17 JUNIE 2017**

| DAG | NAAM | KONTAK NO. |
|---|---|---|
| Ma. 12/06 | Runé van Dyk ☺ | |
| Di. 13/06 | Miemie van Nieuwehuizen **<br>Hannes vd Linde | 011 849 8339<br>083 557 5201 |
| Wo. 14/06 | Alison Swartz ☺ | |
| Do. 15/06 | Dirk Coetzee | 073 139 0019 |
| Sa. 17/06 | Marni Smit<br>Petra Ligthelm **<br>Annien Colyn<br>Riaan Barnard | 083 462 6395<br>082 802 9383<br>082 787 6261<br>083 212 2858 |

( ☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤ )

| TEESKINK BEURTE | |
|---|---|
| Vandag | Nuwe intrekkers wyk |
| Volgende week | Hannes van der Linde & span |
| **OUDERLING DIENSBEURTE** | |
| Vandag | Helgard Potgieter |
| Volgende week | Piet Bateman |

| DATUMS OM TE ONTHOU | |
|---|---|
| 21 Junie | Palms - senior lidmate byeenkoms<br>10:00 in die kerksaal |
| 25 Junie | Pinkstersangdiens<br>17:00 in die kerkgebou |

**PALMS BYEENKOMS**
**21 JUNIE 2017 @ 09:00 IN DIE KERKSAAL.**

Alle senior lidmate (die Palms) gaan weer lekker saamkuier, en julle geheue gaan getoets word!
Ons nuwe jeugmentor, Louis Aucamp, gaan met ons kom gesels.

Groete: Una Steyn ☎ 0833094017/ (H) 011 747-7724

**PINKSTERSANGDIENS**
**25 Junie @ 17:00**

Wat beteken pinkster vir jou?

Almal word vriendelik uitgenooi.

**GK BENONI BILTONGFEES.**

25 Augustus is weer biltongfees-tyd! Die Aksies-diensgroep het die vrymoedigheid om alle jagters, vriende en potensiele skenkers te vra vir ondersteuning dmv. skenkings van wildsvleis of beesvleis.

Kontak asb Derik van Niekerk ☎ 084 566 0004 of Donsie Krüger ☎ 084 627 2393 as jy 'n skenking kan maak.

## SKRYF KOMPETISIE
## ICO & AROS

**TEMA:**
**REFORMASIE OOR DIE EEUE**
**1e prys: R1000**
**2e prys: R 500**
**3e prys: R 250**

Maarten Luther het 500 jaar gelede heelwat oor vryheid in die geloof geskryf. Vertel vir ons in 1000 tot 1500 woorde of dit steeds in 2017 relevant is.
Ouderdom: 13 - 23 jariges
Inskrywing per e-pos na - info@ico.org.za
Sluitingdatum: 7 Julie 2017

INSTITUUT VIR CHRISTELIKE ONDERWYS
AKSIE REFORMATORIESE SKOOLONDERWYS

Aros
AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

## SAMKELO KLEUTERKLAS IN ACTONVILLE

**BEROEP OM HULP**

Hannelie Bosch wil graag 'n graad R klassie in Actonville gratis aanbied vanaf die Actonville kerkgebou om kindertjies in die Actonville gemeenskap skoolgereed te help kry vir graad 1.

**HOE KAN JY HELP ?**

- Deur te bid vir leiding en wysheid.
- Finansieel by te dra om 'n onderwyseres te kan bekostig.

Navrae en bankbesonderhede kan verkry word by
Hannelie Bosch op 082 560 7614
Baie dankie aan almal wat reeds hul ondersteuning gegee het.

## KOLLEKTES 14 Mei 2017

⇒ Diens van Barmhartigheid : R 8635
⇒ Bystandsfonds : R 2513
⇒ Jeugfonds : R 604

**Vandag:** Onder die diens: DVB
By die deure: Streeksinode sustentasie

**Volgende week:**
**TSP Studentekas**

## BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

Verlede keer 4 Junie 2017 se antwoord.
2 Konings 1:10 & 12
" **Elia** het hom geantwooord: " So seker as ek 'n man van God is, daar sal vuur uit die hemel uit afkom en jou en jou vyftig man verteer!"

Die volgende lesers het die korrekte antwoorde ingestuur: Jan Lubbe; Martie Gibson; Judy Greyling; Klein de Kock; Chrissie Pretorius

**Hierdie week: Soek die Bybelvers**

" Aaron het met **???????** , 'n dogter van Amminadab, suster van Nagson, getrou, en hulle seuns was Nadab,Abihu, Eleasar en Itamar."

Vraag: Wat was Aaron se vrou se naam?

Lees gerus Eksodus en noem Aaron se vrou se naam en noem waar bostaande vers staan en SMS dit met jou naam en van na 082 873 3173.

**Aanvaar die E100 uitdaging!**
Wees een van miljoene Christene wêreldwyd wat die uitdaging om die E100 vanjaar te lees, aanvaar het. Ondersteun mekaar deur daaglikse gebed.
**Jy kan!**
As dit vir jou onmoontlik lyk om die Bybel van die begin tot die einde deur te lees, volg die E100, 'n opwindende leesrooster wat jou help om in een jaar deur die Bybel te lees. Dit neem jou deur 50 essensiële Skrifgedeeltes uit die Ou Testament en 50 in die Nuwe Testament, wat die groter prentjie duidelik maak.

| Week 2 | ABRAHAM ISAK EN JAKOB | E 100 |
|---|---|---|
| 6 | Roeping van Abraham | Genesis 12:1-12:20 |
| 7 | God se verbond met Abraham | Genesis 15:1-15:21 |
| 8 | Isak se geboorte en "offerande" | Genesis 21:1-22:19 |
| 9 | Jakob en Esau wedywer | Genesis 27:1-28:22 |
| 10 | Jakob en Esau maak vrede | Genesis 32:1-33:20 |

**GHOLFDAG GEREFORMEERDE KERK BENONI – 27 OKTOBER 2017**

Aandag: Alle Broeders en Susters

Ons beplan weer hierdie jaar ons jaarlikse gholfdag en gee graag die datum en besonderhede deur sodat belangstellendes kan kennis neem.

Ons het Benoni Country Club se gholfbaan bespreek vir Vrydag 27 Oktober 2017 en ons vertrou dit sal 'n mooi dag wees soos met vorige geleenthede.

Die gholfdag sal weer ten gunste van die President Kruger Kinderhuise aangebied word wat deur ons kerkverband bestuur word. Daar is 2 kinderhuise. Die een is in Pretoria & die ander is in Reddersburg. Ons ondersteun hulle elke jaar met die opbrengs van die golfdag deur behulp van Hanli Buys, Hettie Viljoen en die diakonie. In die verlede het ons gehelp om vir elke kind n verjaarsdag geskenk te koop asook om van die kinders te help om die Riviertoer wat jaarliks aangebied word deur GK Frankfort by te woon.

Om hierdie hulp weer te kan aanbied versoek ons almal wat kan help en veral dié wat gholf speel of mense ken wat speel om vir Dirk van der Wateren of Ryan Colyn te kontak. Soos met vorige jare is ons op soek na helpers op die dag te help, en borge wat bereid is om n paar rand te gee om te help met onkostes van die dag, asook die finansiele hulp aan die kinderhuise soos genoem.

Ons vertrou dat die gemeente ons weer sal ondersteun soos in die verlede.

Ons kontak besonderhede is as volg:

Ryan Colyn -083-2857534 of Dirk vd Wateren – 082-8946731

**FONDSINSAMELINGS PROJEK/INITIATIEF TEN BATE VAN PRESIDENT KRUGER KINDERHUISE.**

Hierdie gaan 'n heerlike besigheids netwerk aangeleentheid wees, inderdaad 'n stylvolle kuier aand vol vermaak en motiverings sprekers wat die tema 'die Hart van jou Besigheid' gaan aanraak.

Sprekers: Amelia Morgenrood - PSG Wealth
Kobus Voster - President Kruger Kinderhuis
MC: Janina Oberholzer
28 September 2017
Plek: Weiveld
Tyd: 18:30 vir 19:00
Drag: Formeel

Tafel besprekings: www.iTickets.co.za

**DIE TYD OM JOU HORISONNE TE VERBREED HET AANGEBREEK!**

Cantare Jubiloso Koor bied aan:
*HORIZONS* op 2 Sept 2017 om 18H00 in die Kaleideo Kerk, Fiskaalstraat 32, Glen Marais, Kempton Park (kaartjies teen R110,00 pp by Computicket beskikbaar) en op 10 Sept 2017 in die NG Klipkerk Heidelberg
(kaartjies teen R100,00 pp by Lanie beskikbaar op 082 940 9001 of ticketsales@cantarejubilosochoir.co.za).

Hierdie konsertreeks gaan fantasties wees, met ongelooflike mooi musiek van geestelike en sekulêre aard en *Horizons* deur die Suid-Afrikaanse komponis Peter Louis van Dijk as hoofwerk. Dis ook propvol saamsing-geleentheid.
Kom lag, huil, sing en lofprys saam met ons!!
Vir verdere inligting, kontak Lanie op 082 940 9001 of besoek ons facebookblad (Cantare Jubiloso Choir) en ons webblad (www.cantarejubilosochoir.co.za).

**SIEN JOU DAAR!!**

*Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.*

**GK BENONI BANKBESONDERHEDE:**

**BANK - ABSA**
**TJEK REK - 220 340 333**
**VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel**

Of Snapscan:

Diens van Barmhartigheid

Streeksinode sustentasie